ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper **AFRIKAANS ₹ 10/-**

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** **- In 16 Tale** ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, DECEMBER 2020** **No. 7**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

JESAJA 9:1-7

1. Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie. In die verlede het die Here die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die Jordaanstreek en die gebied van die heidene in ere herstel.
2. Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.
3. U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.
4. Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is.
5. Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.
6. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.
7. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

Openbaring van God!

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

Toe het die Here weer in Silo verskyn. Want die Here het Homself openbaar aan Samuel in Silo deur die Woord van die Here. Samuel se woorde was aan die hele Israel gerig (1 Samuel 3:21, 4:1).

Die Woord van God was skaars in die dae van Eli, die priester. Hy het dienswerk verrig in die tempel van God in Silo en die jong seun, Samuel, was sy assistent. Die Here het met Samuel gepraat toe hy nog maar 'n seun was. Die Here het gesê, "Samuel! Samuel!" en die derde keer het Samuel geantwoord soos Eli hom opdrag gege het. Hy het gesê "Praat, Here, u dienaar luister!" (1 Samuel 3:10). Die Here het gesê die ongeregtigheid van Eli se huis sou nie versoen word deur diereoffer of graanoffer nie. Samuel het alles aan Eli vertel wat die Here gesê het. Toe sê Eli, "Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil" (1 Samuel 3:18).

Ons ontsagwekkende God het aan Moses verskyn in vuur in 'n doringbos (Eksodus 3:1,2). Die opgestane Christus het aan Maria Magdalena verskyn en vir haar gesê, "Mevrou, waarom huil jy?" Sy het gesê, "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie" (Johannes 20:12,13). Jesus Christus het Homself aan die apostel Johannes geopenbaar op die eiland Patmos toe hy 'n banneling was. Die Here het gesê, "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea." (Openbaring 1:11). Dieselfde Here het aan my verskyn in 'n gesig in my geboortedorp, ... in die Kanyakumari-distrik in 1969! Openbaring kan geklassifiseer word in (1) Openbaring van God, (2) Openbaring afkomstig van God en (3) Openbaring oor God.

1. Openbaring van God

Klein Samuel het die openbaring van God gekry. God wou hom hê as profeet en rigter van Israel. Hy het met hom gepraat en dit het sy hart en verstand verruim. God het hom die openbaring gegee

... verv. op bls. 3

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

OUR MISSION POLICY

Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"... "Ek sal hulle droefheid in vreugde verander, Ek sal vir hulle uitkoms gee: Ek sal hulle bly maak, hulle sal geen kommer meer hê nie" (Jeremia 31:13).

Geliefde Broers en Susters in die Here,

Ons groet julle in die verhewe Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Die naam JESUS CHRISTUS is die Naam bo alle name! Ons gee alle roem en eer aan Hom en Hom alleen.

Ja, dit is geweldig dat die Here Jesus Christus ons in genade gelei het tot die einde van die jaar 2020. Aan die begin van die jaar het ons almal gedink dat hierdie jaar groot seëninge sou bring in die lewens van die mensdom oor die wêreld heen. Maar vandag gebeur daar baie negatiewe dinge.

Hiervoor moet daar 'n rede wees. Die dinge wat vandag gebeur, gebeur nie sonder dat God dit weet nie. COVID-19 rig verwoesting aan in die lewens van die mense dwarsdeur die wêreld. Ons het 'n hele aantal vriende verloor. Ons is treurig hieroor.

In die gesig van Jesaja die seun van Amos wat hy gesien het aangaande Juda en Jerusalem in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda, het die Here gesê: Luister, hemele, gee aandag, aarde! die Here het gesê: "Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom; want 'n bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie. Ellende wag vir julle, sondige nasie, volk met skuld belaai, geslag wat verkeerd handel, julle wat net afbreek wat My, die Here, verlaat het, My, die Heilige van Israel, verag en vir My die rug gedraai het.

"Daar is nie meer plek waar nog aan julle geslaan kan word nie, en tog hou julle aan om van My af weg te draai. Die hele kop is vol seerplekke en die hele gestel is verswak. Van kop tot tone is daar nie een plek heel nie: dit is die ene kneusplekke, hale en rou wonde! Hulle is nie skoongemaak of verbind of met salf behandel nie. Julle land is verwoes, julle stede is verbrand, voor julle oë verteer vreemdes julle landerye. Hulle het dit 'n verlate wêreld gemaak. Soos 'n skerm in 'n wingerd het Sion alleen oorgebly, soos die hut van 'n wagter in 'n komkommertuin. Sion is 'n beleërde stad.

"As die Here die Almagtige nie 'n klompie van ons laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het. Luister na die woord van die Here, julle Sodomsleiers! Gee ag op wat ons God julle leer, julle Gomorrasvolk! Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

Hd. Qrs. CO-ORDINATORS
Bro. John Rodrigues
Sis. E. Daisy Rani

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

voorhowe te kom vertrap? Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers, Nuwemaansfeeste sabbats-vierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor. As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek. **Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen"** (Jesaja 1:1-16)**.**

Ons kan op geen ander manier ontsnap as om te doen wat God ons opdra om te doen nie.

Deur God se genade gaan ons voorwaarts in sy bediening. Bowendien, te midde van die pandemie het die meeste van ons dienswerk behalwe Kerkbediening normaal hervat.

God het vir ons 'n toegewyde en sendinggeoriënteerde sekretaris en skoolhoof gestuur vir ons **St. Paul's Matriculation School.** Ons glo God sal ons skool na die volgende vlak van seën neem om te voorsien in die behoeftes van arm kinders van die gemeenskap en die sendelinge en pastore. Ons wil graag hoëkwaliteitonderrig verskaf aan vertrapte kinders en hulle opvoed om goeie landsburgers te word, of wêreldleiers, wetenskaplikes, godvresende mense, ensovoorts. Baie van die onderrig word op Engels gefokus. Ons het julle gebede en ondersteuning nodig vir sukses in ons pogings. Dit is tans die 24ste bestaansjaar van ons Skool. Ons weet God het hierdie skool in ons hande gegee met 'n groot doel voor oë. Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het (1 Petrus 5:6).

Secretary

Principal

Deesdae is ons nie in staat om die daaglikse administratiewe werk en ontwikkeling te hanteer in ons hoofkantoor in Chepauk, Tsjennai nie vanweë die groot werklas. Ons soek dus na die volgende voltydse kantoorpersoneel wat 'n sendingroeping het:

i) Sekretarisse vir die hoof- uitvoerende beampte om belangrike Engelse korrespondensie en administrasie te behartig (Kwalifikasie: Gegradueerde met vermoë om korrespondensie onafhanklik te hanteer in Engels en ander tale). Goeie rekenaarvaardighede is 'n vereiste.

ii) DTP operateurs met rekenaarvaardighede in Engels en ander tale.

iii) Musici met tegniese werk op enige gebied.

Ons sal 'n redelike salaris betaal. Bid asseblief saam met ons dat die Here die regte persone sal stuur vir sy bediening.

Ons is in die proses om die Bedienings van **Echo of His Call** uit te brei tot die volgende vlak in die nuwe jaar, 2021.

Kersfees en Nuwejaar kom nader. Ons raai julle aan om versigtig te wees, gesigmaskers te dra, dikwels hande te was en sosiale afstand te bewaar. Dis altyd 'n goeie tyd wanneer ons ons feeste vier. **"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"** (Johannes 3:16)**.** ONS WENS JULLE 'n GESEëNDE KERSFEES TOE, EN 'n VOORSPOEDIGE NUWE JAAR, 2021.

"Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie" (Jesaja 58:11)**.**

Mag God julle seën in die Nuwe Jaar!

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

om verder te kyk as dit wat hy sien. Daarom is hy die Siener en Profeet genoem deur die mense. Die jong man, Saul, is na hom gelei deur die mense, toe hy en sy kneg op soek was na die verlore donkies. Samuel het Israel as profeet en rigter gelei vir 52 jaar!

Jesus Christus het 'n openbaring gehad: Jesus het vir hulle gesê, "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te voltooi" (Johannes 4:34). Ons is deur God geskep om sy wil te volbring. Tensy ons 'n openbaring het van sy wil, sal ons nooit

Echo of His Call Bedieninge word ondersteun deur die inskrywings van lesers op die **Echo of His Call** tydskrif en vrywillige gawes van ons liewe vriende soos jy. God het 'n blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:7). Deur alle middele, ten alle koste, op enige manier (1 Korintiërs 9:22) (A.V.)

volmaak wees nie. God se wil vir ons lewens en ons openbaring behoort saam te werk.

Op dieselfde manier wat voedsel 'n plesier / versadiging is en krag aan ons liggame gee, so sal die vervulling van ons openbaring vreugde in ons gees bring. Dit gee krag aan ons siel en bevrediging aan ons verstand. Jesus Christus is deur God na die wêreld gestuur om 'n werk te doen en dit te voltooi tot die Vader se bevrediging. Die Here het gesê, "Ek het U verheerlik op die aarde deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen" (Johannes 17:4).

Ons moet almal 'n openbaring ontvang. Ons moet weet waarom ons in hierdie wêreld gebore is. Ons word gestuur om 'n sekere taak te voltooi en ons het nie op ons eie missie gekom nie. As mense in hierdie wêreld inkom sonder 'n doel, sal die wêreld nie vandag dieselfde wees nie. Elke tydperk kry sy eie deel van mense om te preek met die karakter van Moses en die profete (Lukas 16:29). Die Here God het sommige as apostels en profete gemaak, en sommige as evangeliste, en herders en leraars (Efesiërs 4:11). Vir elke generasie verseker die Here die teenwoordigheid van hierdie werkers vir sy dienswerk. Die doel is om sy wil op hierdie aarde te doen.

Voordat ons nie 'n openbaring van God gekry het nie, kan ons nie 'n besluit neem oor wat om te doen in ons lewe nie. Ons lewe sal rigtingloos wees en ons kan nie vervulling bereik nie. Vervulling kom nie deur te doen wat ons graag wil doen nie. Dit kan bereik word deur te doen wat God wil hê ons moet doen. Hiervoor het ons 'n openbaring van God nodig deur sy direkte verskyning of deur sy Woord. Elke mens kan nie verwag dat God aan hom/haar moet verskyn om vir hulle 'n openbaring te gee nie! God kan ook 'n openbaring deur sy Woord gee. Ons kan openbarings kry deur sy Woord, wanneer ons lees, mediteer en bid. As ons die openbaring van van God glo, sal ons die verlangde krag kry en die regte dinge doen. Dit sal lei tot oorvloedige blydskap en seëninge. Voedsel help vir ons lewensonderhoud en oorlewing. Dit gee krag en bevrediging. Dit kan gedeel word met ander wat dit nodig het. Vir Jesus was dit voedsel om die wil van God te doen. As ons die wil van God doen, sal God in ons behoeftes voorsien! Ons hoef ons nie te bekommer nie.

2. Openbaring afkomstig van God

In Jeremia is daar 'n interessante boodskap van God: "Die woord van die Here het tot my gekom: Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel. Ag, Here my God, het ek geantwoord, ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk. Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: "Ek is te jonk" nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê. Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het. Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig" (Jeremia 1:4-10).

Die woord van die Here het tot Jeremia gekom. Die Here het hom uit die moederskoot gebring om die boodskap van God te dra na die nasies en koninkryke; "om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig." Goddelose dinge moes afgebreek en vernietig word om opnuut te bou en te plant. Dit is 'n spesifieke openbaring wat op Juda betrekking het. Die volk het afgewyk van die wil van God. Dit moes afgebreek en vernietig word om uit die puin 'n nuwe nasie te bou en te plant.

Wanneer God se volk afwyk van die wil van God sal Hy nie aarsel om af te breek en te vernietig en te herbou nie. Alle rampe wat nasies tref, bring vir ons hierdie les. As Corona die nasies tref, beteken dit dat die Here die nasies wil wakker skud uit 'n diep slaap, hulle wil reinig van die bose en goddelose. Dit is nie om hulle te vernietig nie, maar om reg te stel en op te bou. Dus, volkere, moenie bang wees nie, die Here doen alles vir julle beswil. Die pyn is tydelik en die herstel is ewigdurend.

3. Openbaring oor God

God het Homself aan die volk Israel openbaar as die groot Voorsiener. Die hele Israel het uit die land Egipte gekom en hulle reis begin na die beloofde land, Kanaän. Hulle het in die rigting van die Rietsee opgetrek. Die Egiptiese leër het die vlugtende volk agternagesit. Hulle kon geen ander roete neem as om 'n watergraf in die Rietsee tegemoet te gaan nie. Die volk het Moses en Aäron geblameer vir die moeilike situasie waarin hulle hulle bevind het. Moses self het ook nie raad gehad nie. Maar hy het wel geweet dat die Here iets sou doen om die volk te red.

En Moses het vir die volk gesê, "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Desember 2020 tot 18 Januarie 2021

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Desember 19: God se genesende hand is met ons liewe Broer Paulraj, Mederedakteur.

Desember 20: God het ons bedienings geseën met 'n nuwe Mederedakteur vir Urdu.

Desember 21: God het ons in staat gestel om die **Echo of His Call** koerant nou pas in die Manipuri taal te publiseer.

Desember 22: God het 'n nuwe hoof voorsien vir ons St. Paul's Matriculation School.

Desember 23: Laat ons God loof vir die voorsiening in die behoeftes van die **Echo of His Call Bedienings**.

Desember 24: God het ons beskerm tot Kersfees hierdie jaar.

Desember 25: Laat ons God loof omdat Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur het as die Verlosser vir die hele wêreld.

Desember 26: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Desember 27: Dank God vir die goedhartige geliefdes wat begin het met die ondersteuning van mense wat deur CORONA geraak is, en van ons dienswerk.

Desember 28: Laat ons God loof vir diegene wat die **Echo of His Call** gedurende die afgelope jare ondersteun het.

Desember 29: God het in hierdie jaar, 2020, al ons Koördineerders in die state beskerm.

Desember 30: Laat ons God loof vir die voorsiening in die behoeftes van die Echo of His Call Bedienings.

Desember 31: God het ons almal beskerm dwarsdeur 2020.

Januarie 01: Laat ons God loof vir diegene wat die Echo of His Call gedurende die afgelope jare ondersteun het.

Januarie 02: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofs-genote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Januarie 03: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Januarie 04: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedienings.**

Januarie 05: dat God 'n nuwe salwing sal gee in ons Moederkerk, Skool, Bybelkolleges, Drukpers, Publikasie, Kantoor en die medewerkers in hierdie nuwe jaar 2021.

Januarie 06: Laat ons aanhou bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

Januarie 07: Bid vir al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge gedurende die tyd van COVID-19.

Januarie 08: Bid vir die uitwissing van die CORONA virus op die wêreld.

Januarie 09: Dat God ons sal help om die Tamil boek met die titel "Koninkryk van God" wat deur ons mederedakteur, Br. M. Paulraj geskryf is, baie gouer te publiseer.

Januarie 10: Bid dat God eenheid sal gee tussen Christenkerke regoor die wêreld.

Januarie 11: Bid vir die mense wat hulle geliefdes en besittings verloor het deur die Corona griep.

Januarie 12: Laat ons bid vir vrede oor die hele wêreld.

Januarie 13: Laat ons bid vir die dienaars van God wat besig is met sy bediening in gevangenisse.

Januarie 14: Laat ons bid vir die uitbreiding van ons Bybelkorrespondensiekursusse en Teologiese Korrespondensiekursusse en Bybelkolleges.

Januarie 15: Bid dat God die planne en visies van ons Senior Pastoor in die nuwe jaar sal verwesenlik.

Januarie 16: Laat ons bid vir beskerming en God se leiding vir die sendelinge in Noord-Indië.

Januarie 17: Bid dat God ons Mederedakteure en hulle gesinne sal seën.

Januarie 18: Bid dat God sal aanhou om ons pastoor S. Sam Selva Raj, sy gesin en span te beskerm teen alle bose magte.

verv. van bls. 4

veg." (Eksodus 14:13,14).

Die Here het Moses beveel om sy kierie uit te steek oor die see en die see te verdeel sodat die kinders van Israel op droë grond deur die middel van die see kon trek. Die wonderwerk het gebeur! God het die Rietsee geskei en die volk het op droë grond deur die see getrek! Die Egiptenare wou hulle volg, maar helaas! hulle is deur die see ingesluk en het 'n waterdood gesterf! God het Homself geopenbaar vir wat Hy was!

Die kos wat die Israeliete saam met hulle gebring het, was uitgeput en hulle het kos nodig gehad. God het manna uit die hemel laat reën om meer as twee miljoen monde te voed vir 40 jaar! Toe hulle water nodig gehad het, het God by Horeb vir Moses beveel om die rots te slaan met sy kierie en water het daaruit gestroom en die mense kon hulle dors les! Moses het die plek Meriba genoem (Eksodus 17:1-7).

Toe die Jordaanrivier as 'n struikelblok voor die marsjerende volk gestaan het, het Josua die volk gevra om hulleself te reinig sodat die Here 'n wonderwerk kon doen. Die priesters en die Leviete het die ark van die Here voor die vergadering uit gedra en toe hulle voete die water van die rvier raak, het dit ophou vloei, en stroomaf weggeloop. Die mense van Israel en hulle vee het die rivier op die droë rivierbedding oorgesteek!

God het Homself geopenbaar aan die volk Israel deur sy magtige hand. God openbaar! Ons God is 'n God van wonders!

"Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring" (Jesaja 43:18,19).

Ons God van die heelal is 'n wonderwerkende God. Hy het Homself geopenbaar aan mense soos Samuel, die huilende Maria Magdalena, en die apostel Johannes op Patmos. Die profeet Jeremia het 'n openbaring van God ontvang om sy werk te doen. God het Homself geopenbaar voor die trekkende vergadering van Israel op hulle pad na die beloofde land. Die Bybel is vol van die storie van:

1. Openbaring van God

2. Openbaring afkomstig van God

3. Openbaring oor God

Mag die Almagtige God Homself aan julle openbaar op julle reis na die heilige Kanaän!

****

Wat vereis God van die mens?

Ds. P. Vethanayagamony

"Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God" (Miga 6:8).

Die mens is geskape om 'n nouer verhouding met God te hê. Dit is die eerste doel van die skepping. Wat vereis God van die mens vir so 'n verhouding om te bestaan? Hierdie vraag is nie alleen natuurlik nie, maar ook nodig. Die antwoord op die vraag word in die Bybel vervat wat sy wil vir mense interpreteer en sy metodes daarmee saam. Die Skrif stel die vereistes van God in terme van die ideale en in terme van die werklike.

In God is die ideale en die werklike identies. Hy is wat Hy behoort te wees. Maar in die mens is hulle nie identies nie. 'n Mens wat homself as heilig beskou sal nadat hy 'n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad het, bely: "Ag wat 'n ellendige mens is ek tog". Slegs Jesus alleen in die menslike geskiedenis het die ideale en die werklike vereistes van God verenig in sy lewe.

Aangesien die werklike en die ideale nie identies is in die menslike lewe nie, beoog ek om die vraag in twee dele te beantwoord. Eerste, die ideale vereiste van God; tweedens, die werklike vereiste van God.

Die Ideale Vereiste van God

Die boek Deuteronomium sê dat God van die mense vra dat hulle Hom moet liefhê en dien en sy gebooie hou. *"Julle moet die Here julle God liefhê en altyd sy opdragte gehoorsaam: al sy voorskrifte en bepalings en gebooie"* (Deuteronomium 11:1). In elkeen van hierdie stellings word die woord "verwag" gebruik in ons vertaling. Maar in die oorspronklike Hebreeuse Bybel is daar verskil in intensiteit, hoewel dieselfde woord gebruik word.

Die Hebreeuse woord in Deuteronomium beteken, "Dit is wat God vra". Met ander woorde, dit is wat God verwag. Maar Miga gebruik groter klem. "dit is waarop God aandring". Toe die wet gegee is, het dit gestel, in eenvoudige taal, wat God vra. Maar aangesien die wet oortree is, sê Miga dat God aandring dat die mens met Hom sal wandel, regverdig sal optree, liefde sal betoon.

In die Nuwe Testament vind ek die vereistes van God in die woorde van Jesus, in antwoord op 'n siniese navraag deur 'n wetsgeleerde. *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou*

hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat." (Matteus 22:37-40). Alles wat Moses en Miga gesê het, is vervat in: "Jy moet die Here jou God liefhê... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself".

Op 'n ander plek brei Jesus hierop uit en sê, "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" (Matteus 5:48). Wat beteken die woord "volmaak"? Dit is presies die teenoorgestelde van sonde. Sonde in die Nuwe Testament verwys na om die "doel te mis". Die grondbetekenis van volmaak is om die doel te bereik. Om volmaak te wees beteken "Jy moet nie die doel mis nie, maar dit bereik. Jy moet alles wees wat God bedoel het jy moet wees".

Wat openbaar hierdie terme aan ons? **God verwag van elke mens volmaaktheid, die verwesenliking van die ideaal.** Dit is God se eerste vereiste. God verwag van my om te wees wat Hy my gemaak het om te wees. Dit is volmaaktheid.

God verwag nie van ons om engele te wees nie, want Hy het ons nie die natuur van engele gegee nie. Hy verwag van 'n man om 'n man te wees. Hy verwag van 'n vrou om 'n vrou te wees. Hy verwag van 'n kind om 'n kind te wees. As 'n kind sy kinderlike aard verloor, kan dit nie langer 'n kind genoem word nie. God verwag van sy hele skepping om sy volmaakte wil te bereik.

Die passie vir volmaaktheid is algemeen in die mensheid. Jy sal nie 'n mens vind wat nie 'n passie het vir volmaaktheid in een of ander vorm nie. Dit is net die Christen wat die bereiking van volmaaktheid as onbereikbaar beskou. Het jy al ooit 'n jong seun of dogter ontmoet wat nie droom oor wat hulle gaan wees of doen nie? Dit mag 'n goddelike passie in hulle hart wees, 'n begeerte om die doel te bereik. Die passie vir volmaaktheid is 'n aanduiding van die moontlikheid tot volmaaktheid. Geen mens behoort ooit tevrede te wees om ninder te wees as wat hy bedoel is om te wees in die huishouding van God nie. God verwag dat elke mens dit sal wees. Hy vra, Hy dring daarop aan dat die mens met Hom sal wandel, regverdig sal optree, en liefde sal betoon; dat mense hulle eie lewens sal verwesenlik, en dit verwesenlik deur in harmonie met Homself te lewe. Dit is wat ek bedoel met die ideale vereiste.

Ons begrip van die ideale vereiste van God bring ons tot die oortuiging van sonde, omdat ons weet ons kom tekort aan die goddelike volmaakte standaard van God. Enige mens wat sy ideale posisie verwesenlik, sal verstaan op watter terreine hy nie geslaag het om die doel te bereik nie. Toe Pilatus die Joodse priesters in die oë gekyk het en gesê het: "wat ek geskrywe het, het ek geskrywe" kon dit geklink het na 'n stelling wat arrogansie uitdruk. Maar aan die ander kant het daardie woorde 'n dieper betekenis gehad as wat hy waarskynlik gevoel het. Dit beteken eenvoudig dat wat ek gedoen het, kan op geen manier ongedaan gemaak word nie. Die mislukkings van die verlede kan nooit ongedaan gemaak word nie.

Sommige mag onberispelik lyk volgens die wêreld se standaarde. Maar wanneer hulle hulleself vergelyk met die standaard vir volmaaktheid waarvoor God hulle geskape het, verstaan hulle die onvolmaakthede in hulle eie lewe. As 'n mens nie verstaan wat die standaard vir volmaaktheid is wat God stel nie, kan hy nie bely "ek het gesondig of misluk" nie.

Die Werklike Vereiste van God

Wat verwag God van my, 'n sondaar? God het voorsien in vergifnis van sonde deur sy kosbare offer en in mag deur die oorwinning van sy opstanding. In die lig daarvan, wat vereis God van ons? Christus het in antwoord op die siniese mense van sy eie tyd gesê, *"Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het"* (Johannes 6:29). Party mense sê hulle word gered deur werke. Daar is ander wat sê daar is niks om te doen nie, jy moet net glo.

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

Christus sê, "*Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het"*. Wie is reg, hulle of Christus? Christus moet reg wees. Wat Jesus bedoel het, is dat Hy nie net 'n Koning was nie, maar ook Verlosser. As hulle die feit van hulle mislukking besef, hulle sonde ken, het Jesus gesê, sou hulle in Hom glo en die werke van God doen. In Hom het God voorsien vir hulle reiniging, nuwe geboorte en energie om dinge te doen wat God wou hê hulle moes doen. Dus is die eerste verantwoordelikheid dat die mens in Hom moet glo.

Om in Hom te glo, is om sy vereiste te hoor, en as jy weet dit is waar, om dit te gehoorsaam. Dit is wat God verwag van mense wat gesondig het en misluk het. God verwag van ons om te glo in Hom wat gestuur is, dat ons onsself oorgee aan die Christus.

Hierdie eise openbaar dat al wat 'n mens nodig het om verander te word, voorsien is in Christus Jesus. Wat God van die mens vra, is dat die mens moet neem wat God voorsien het. *"Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.*

In hierdie teks gebruik Johannes twee terme, 'aanneem' en 'glo' en wys dat hulle sinoniem is. Dié wat Hom aanneem is dié wat glo in sy Naam. Om in Jesus te glo, is om Hom te ontvang.

In Christus voorsien Hy vir my vergifnis van sonde, en krag om te gaan en nie meer te sondig nie. Wat verwag Hy dan van my? Hy verwag dat ek moet neem wat Hy voorsien, en die Een moet kroon wat Hy aan ons voorstel, dat ek moet glo in die Verlosser wat Hy stuur en die ewige lewe ontvang wat voor my neergesit word. Dit is die eerste vereiste vir die siel wat sondig. God stel aan ons voor die een Verlosser wat aan alles voldoen, maak aan ons die wyse bekend, voorsien die krag en beveel mense orals om hulle te bekeer en te glo in die Seun wat Hy gestuur het.

Die werklike vereistes is niks anders as die realisering van die ideale vereistes nie. God het nooit sy ideale vereiste laat vaar vir jou en vir my nie. Hy sal nie toestem om iets minder as volmaaktheid in hierdie lewe te aanvaar nie. God het nie gely om enigiemand wat kortkom aan die standaard van volmaaktheid, in die hemel toe te laat nie. Dit is die goddelike plan van God dat die mens volmaaktheid moet bereik deur in Christus Jesus te glo.

In Judas verse 24, *"Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou"* sê vir ons dat ons Here niks anders as volmaaktheid aanvaar nie. As ons onsself volledig oorgee aan ons Verlosser, sal Hy al die negatiewe in ons lewe, die tekortkomings en die gebiede waar ons misluk het, regstel, sodat ons daardeur volmaaktheid kan bereik.

Nogtans, in die eerste onderwerping aan Christus word die volmaakte ideaal nie dadelik gerealiseer nie. Saulus van Tarsus is neergeslaan op die pad na Damaskus deur die Here van liefde en lewe. Paulus wat 'n godvresende lewe gelei het vir 30 jaar, en groter dinge bereik het vir Hom, sê in sy brief aan die mense van Filippi, *"Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het"* (Filippense 3:12). Dertig jaar van Christelike ondervinding en prestasies, van vuur, naaktheid, gevaar, swaard, en hy het dit nog nie bereik nie, en was nog nie volmaak nie.

My broers en susters, ek wil hê julle moet onthou dat hierdie volmaakte ideaal nie meteens bereik word nie. Maar die volmaakte krag wat nodig is om dit te realiseer, kan meteens ontvang word. Dieselfde Paulus wat gesê het, ek het dit nog nie bereik nie, sê in dieselfde brief, *"vir my is die lewe Christus*". Hy het al die krag gehad, soos aangedui in die woorde, *"Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is"* (Filippense 3:13). Wat hy met hierdie vers bedoel, is dat hy al die ywer en die passie en erns wat hy gebruik het om die kerk te vervolg, nou gebruik het om die doel te bereik en te wees wat God wou hê dat hy moes wees.

Miskien is sommige van julle wat hierdie preek lees, al Christene vir meer jare wat ek in die wêreld is. Waarskynlik is party van julle meer lojaal teenoor die Here as

... verv. op bls. 10

'n Vriendelike Versoek

Soos julle almal weet, sukkel ons om te voorsien in verskeie behoeftes, soos die personeel se salarisse, uitgawes vir die aankoop van papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons nie mense om ons te help met ons finansiële behoeftes nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik lief is vir hierdie bediening om julle offergawes te stuur deur Phone Pay, NEFT of enige ander manier en ons bediening te ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën. Vir besonderhede, bel +91 9841071858.

Redakteur, Echo of His Call.

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.

"...EK IS HULPELOOS EN ARM, MAAR DIE HERE DINK AAN MY" (PSALM 40:17)

Omtrent veertig jaar gelede is 'n groot opwekkingsdiens in Tsjennai gehou. Sommige groot predikers het van Suid-Afrika af gekom. God het groot wonders deur hulle verrig. 'n Groot aantal mense het die wonders gesien en vir die eerste keer in hulle lewens die evangelie van Jesus Christus gehoor. Ek het hulle as 'n vrywilliger gehelp.

Nadat die finale byeenkoms verby was, was daar 'n klein vergadering van gaste en werkers wat gehelp het met die reël van die byeenkomste. Skielik het die Eregas uit Suid-Afrika my geroep en uitgevra oor my. Hy het waardering gehad vir die opregte en harde werk wat ek gedoen het in die opsit van spandoeke, die ontvang van nuwe vriende en om hulp te gee aan die deelnemers gedurende die opwekkingsdienste.

Hy het my verder gevra waar ek vandaan kom en my versoek om hom te ontmoet by die lughawe die volgende dag om 4.00 nm. wanneer dit tyd was vir sy vertrek vanaf Indië. Ek het hom geantwoord dat dit te vroeg was vir my, want ek het het een baie ou fiets gehad wat ook nie in 'n goeie toestand was nie om van my huis af na die lughawe te ry aangesien die afstand vanaf my huis meer as 25 kilometer was.

Dadelik het hy rondgekyk en 'n groot evangelis uit hierdie stad gevind en hy het hom by sy naam geroep en vir hom gesê, "Dis Broer Sam Selva Raj. Ek het gesien hoe hy 'n baie goeie werk vrywilliglik gedoen het en ek sien iets besonders in hom. Ek wil graag 'n tydjie saam met hom deurbring by die lughawe voordat ek Indië verlaat. Aangesien hy baie arm is en nie behoorlike vervoer het om van sy huis af na die lughawe te reis vroeg in die môre nie, sal ek bly wees as julle hom kon saambring in julle motor aangesien julle ook na die lughawe kom om my af te sien. Maar hierdie evangelisbroer het kwaad geword vir my en aan die Eregas gesê, "Ek het nie plek in my kar om hierdie man te vervoer nie. Hy moenie na die lughawe kom nie". Die Eregas het hom gevra, "Het jy enige ander mense by jou wat na die lughawe kom?" Hy het geantwoord, "Niemand kom saam met my nie, maar ek kan nie hierdie arm man help nie".

Die dienaar van God wat die Eregas was, was regtig geskok om hierdie woorde te hoor. Hy het my geroep en sy hande op my kop gelê en met trane tot God gebid, en Hom gevra om my ook materiële seëninge te gee. Verder het hy vir my gesê, "My broer Sam, ek weet dat jy 'n baie nederige dienaar is van die Grootste God wat ek vandag dien. Ek spreek 'n seën van voorspoed uit op jou en jou bediening. Die God wat ek dien, sal nou die vensters van die hemel oopmaak en jou seën met soveel motors, busse en alle ander infrastruktuur vir jou bediening in Indië. Jy moenie die broer haat wat jou nie wou saamneem na die lughawe wanneer hy môre vroeg na die lughawe reis nie.

Hierdie ondervinding het vir my geen pyn veroorsaak nie. Maar ek was dankbaar teenoor God vir sy woorde van seën deur sy dienaar. Dae het verbygegaan. Maar God was getrou om my in sy gedagtes te hou. Later het God my geseën met voertuie en ook met die nodige toerusting vir sy dienswerk. Hy het my en my medewerkers in staat gestel om verskeie kere na dieselfde lughawe te reis met ons eie voertuie. Wat 'n wonderlike God het ons nie!! Dieselfde God leef nog steeds. Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig!

Liewe leser, is jy ongemaklik omdat ander nie die salwing op jou herken nie? Word jy ontmoedig as jy na jou huidige lae stand kyk? Word jy geminag deur jou eie mense? God sê, "LAAT JULLE HART NIE ONTSTELD WORD NIE ... : EK KOM WEER NA JULLE TOE" (Johannes 14:1,18). Leef 'n lewe wat in die sentrum van sy wil staan. Mag God julle seën!

****

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

verv. van bls. 8

wat ek is. Julle sal my definitief vertel dat julle dit nog nie bereik het nie en dat julle nog nie volmaak gemaak is nie. Ek skryf ook aan manne en vroue wat nog onlangs eers begin het met die Christelike lewe. Onthou asseblief dat julle alles besit wat nodig is vir die uiteindeike volmaaktheid, want nadat julle Christus ontvang het, besit julle in Hom sy volkome volmaaktheid en al sy krag en wanneer sy werk uiteindelik voltooi is, sal julle soos Hy, foutloos voor die troon van God gestel word. Sonder hierdie kragte is volmaaktheid onmoontlik. Met hulle is ons verseker van volmaaktheid.

Geloof is die voorvereiste en voortdurende voorwaarde vir die realisering van volmaaktheid. Dit wil sê, geloof in Christus is nie 'n daad nie, dit is 'n houding. Dit help nie om te sê ek het Christus 40 jaar gelede aangeneem nie. Wat belangrik is, is: glo jy nou in Hom? Ek onderskat nie jou ondervindings van die verlede nie. Geloof is 'n houding en daar sal nooit 'n dag aanbreek vir ons sukkelende, sondigende maar gelowige siele wanneer ons kan bekostig om op te hou glo nie.

Dit is God se eerste vereiste. Die werklike vereiste sluit die ideale vereiste in. As ek in die Here glo, sal ek my naaste liefhê soos myself. Ek en jy het geen reg om te sing van ons liefde vir God nie, tensy dit uitgedruk word in ons liefde vir mense. As ek sien dat my broer behoeftig is, en my meegevoel vir hom smoor, hoe kan die liefde van God in my woon? *"Jy moet die Here jou God liefhê... jy moet jou naaste liefhê soos jouself"*. Dit is die standaard wat God wil hê ons moet bereik. Ons geloof in Christus sal geopenbaar word in ons liefde.

Laat ons in Hom glo, Hom vertrou vir vergifnis, Hom vertrou vir krag en so met oorgawe opkyk in sy gesig, dat die Christus van God sal vervolmaak dit wat ons verontrus. Terwyl ons in Hom glo, voldoen ons aan God se eerste vereistes sodat ons uiteindelik aan sy finale vereistes kan voldoen. Mag die Here almal van ons in staat stel om aan sy finale vereistes te voldoen. Amen.

****

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th DECEMBER 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**